# DARE TO BELIEVE

## Week 2: Gaan jy bly glo ten spyte van reuse in jou pad?

Met ons nuwe reeks gaan ons na die **storie van Dawid** kyk – *the story of how an ordinary boy were used by an extra-ordinary God*. En daaruit probeer leer:

Dawid word uitgedaag om te bly glo al gee niemand hom 'n kans nie,
al moes hy alleen teen 'n reus baklei,
al wou die koning hom doodmaak en hy moes vlug vir sy lewe
en al verloor hy amper al sy geloofwaardigheid met 'n ander man se vrou
en ervaar hy die hartseer en pyn as sy opstandige seun sterf...

Begin die selgroep eers met iemand wat **Psalm 27:1-6 as gebed** lees. *Laat almal eers stil word en afskakel, gee so 'n minuut of wat daarvoor en lees dan die Psalm.*

### Connect met mekaar:

Dit is moontlik dat party groepe vir die eerste keer fisies bymekaar kom in langer as 'n jaar. Dalk moet julle net eers bietjie gesels oor wat het julle die meeste daarvan gemis.

As julle nog nie gemaklik is om bymekaar te kom of die groep groter as 6 mense is en nog nie bymekaar mag kom nie, gesels ook oor wat julle die meeste mis van saamkom.

Gesels oor: **Hoekom hou die meeste mense daarvan as die underdog wen?**

**Luister na Woord:** **Lees 1 Samuel 17:1-2, 8-11, 20-24, 32-37, 45, 48-50** *(dit is 'n baie lang hoofstuk, dalk kan die groeplede dit vooraf lees en in die groep net 'n paar kernverse lees)*

Die vraag wat ons vir 5 weke gaan vra, is: **Wat as daar 'n dare/challenge/uitdaging is wat jou lewe permanent kan verander?** In hierdie verhaal met Goliat is daar 'n paar belangrike lewenslesse wat ons leer:

- **Vir Dawid is die dare/challenge/uitdaging: Baklei teen die reus, Goliat!** Waarom besluit Dawid om die reus, Goliat, aan te vat? **Kyk weer na verse 26b, 36b, 45-47**

  *Vir Dawid is God se eer die heel belangrikste saak. Hy het geglo hulle is God se mense en as hulle beledig word, is God se eer op die spel. Ons vergeet baie keer dat ons God verteenwoordig!*

In v 45 sê Dawid hy kom in die naam van **die Here die Almagtige**. In Engels word dit vertaal met "lord of hosts"; in Hebreeus **Yahweh Tsabaot** – letterlik: Die Here wat in beheer is van all (leër)magte, armies – die Here wat all powerful is!

***Wat beteken dit vir jou as jy hoor God het alle mag / is all-powerful?***

- Hierdie reeks gaan oor: Dare to Believe. **Hoe daag Dawid se optrede hier ons uit om anders na reuse / baie moeilike situasies te kyk?**
  - Eintlik het Goliat nooit 'n kans gehad teen 'n bedrewe slingervel-gooier nie. Dawid verslaan Goliat met ander wapens as waarmee Goliat wil baklei. Met watter beter wapens kan ons ons reuse aanvat?
  - **Watter wapens gebruik Dawid?**
    - Hy kyk verby Goliat se uiterlike – (*verlede week se les!)* – en **sien raak wat God sal doen – v 46**
    - Hy steur hom nie aan Goliat se **beledigings** nie. *Na watter negative talk luister jy wat jou laat glo jy is nie goed genoeg nie?*
    - Dawid weet wat sy **gawes** is, wat hy kan doen en wat hy al gedoen het. *Wat is jou gawes en hoe kan dit jou help om jou reuse aan te vat?*
    - **Dawid weet wat God al gedoen het!** *Watter oorwinnings / wonderwerke / great goed het die Here al in jou lewe gedoen? Hoekom het dit waarde om terug te kyk daarna?*
- Dalk is die bottomline dat **Dawid gekies het om God te vertrou**, maak nie saak wie of wat staan voor hom nie. *Hoe kan jy vandag kies om God te vertrou?*

**Die belangrike korreksie** hierop is: **1 Samuel 17:45-47** "Lees dit 2 x hardop

Lees die **Psalm 33** hardop. Gee vir elkeen dan tyd om die Psalm op hulle eie weer in stilte deur te lees en **gee dan kans vir gebed**.

Hier is **7 Psalms** van Dawid **wat jy deur die loop van die week kan lees en bid.**

Vir hierdie week: Psalm 22, Psalm 68, Psalm 70, Psalm 122,
Psalm 124, Psalm 141, Psalm 144

***Dare to Believe***

*(Bestel julle sleutelhouers op die gemeente se webblad)*